SUIDAFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 28 MAART 2004

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Ontvangsrapporte oor die eksperimentele herleiding op 10,130 MHz sal waardeer word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

In die nuus vandag:

SARL AJV EN TOEKENNINGSDINEE

SLUITINGSDATUM VIR RAE-INSKRYWINGS

SARL REAGEER OP TSHWAME KLK TOETS

STATUS VAN DIE REGULASIES AAN OKOSA VOORGELê

MARION EILAND

RODRIGUES EILAND (3B9C) OP SATELLIET

SP DX WEDSTRYD 2004

SES METER MARATHON 2004

KLUBNUUS

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL en die nuus volg in besonderhede:

SARL AJV EN TOEKENNINGSDINEE

Alle lede van die SARL word vir oulaas herinner dat die SARL AJV eerskomende Saterdag 3 April by die Nasionale Amateurradiosentrum gehou sal word.

Op Vrydag, 2 April word 'n spesiale kenmekaar byeenkoms deur die Sandton klub by 'n vergaderplek in die gebied gehou. Jou gasheer sal Peter Hoyle, ZR6KZ, en ander lede van die Sandton Amateurradioklub wees. Die byeenkoms

sal plaasvind in die Mimos restaurant geleë by Rock Cottage, Honeydew, naby die NARS. Sluit asseblief enige tyd vanaf 19:00 tot laat, by ons aan. Indien u rigtingaanwysings benodig, roep asb. op die 145,700 herhaler en aanwysings sal verskaf word.

Die AJV sal om 09:00 op Saterdag by die NARS begin. Registrasie en indiening van volmagte sal om 07:30 begin. Sal diegene wat volmagte bring so vroeg moontlik aanmeld sodat die AJV betyds kan begin. Die AJV sal in die Sentechsaal, wat langs die NARS geleë is, plaasvind. Die SARL-kantoor sal oop wees en al die trofees sal vertoon word. Verversings sal gedurende die oggend vanaf Sentech se spyrenieringskombuis beskikbaar wees.

Die eerste Raadsvergadering sal onmiddelik na afloop van die AJV gehou word. Die vernaamste besigheid van die vergadering sal wees om 'n president en visepresident te verkies, 'n sekretaris en tesourier aan te wys en die verantwoordelikhede van Raadslede in te deel. Dit is belangrik dat Raadslede ooreenkom oor die tyd en plek van die volgende Raadsvergadering.

Die AJV-Dinee en toekenningseremonie sal by dieselfde plek om 19:00 vir 19:30 plaasvind. Alle lede en hul metgeselle word hartelik uitgenooi om die dinee by te woon. 'n Buffetete sal deur die Sentechspyseniers verskaf word en wyn en alternatiewe nie-alkoholiese drank sal verskaf word. Die alles-insluitende prys bedra R100-00 per persoon. Ons spesiale gasspreker sal Wojtek Skowronski van OKOSA wees. Die uitdeling van toekennings volg na die gasspreker se voordrag.

Om die spyseniering te vergemaklik het ons van elke persoon wat gaan bywoon 'n onderneming nodig wat so gou moontlik maar nie later nie as MÔRE, MAANDAG 29 MAART, benodig word. Voorafbetaling is nodig. U kan vooraf-betaal deur 'n deposito te maak in die SARL se rekening nl: Standardbank, Killarney; Bankkode 007205; Rekening 001 682 059.

Maak asseblief seker dat jou naam en roepsein in die teks van jou inlêstrokie verskyn. Faks die strokie na die SARL by 011 675 2793.

Indien u enige navrae het kontak asb. vir Lee Antal by die SARL-kantoor by 011 675 2393 tussen 09:00 en 13:00 op weeksdae of per e-pos na admin@sarl.org.za.

SLUITINGSDATUM VIR RAE-INSKRYWINGS

Inskrywings vir die Radioamateureksamen in Mei sluit Vrydag 16 April. Alle eksamenkandidate moet teen daardie tyd hul voltooide aansoekvorms ingehandig het en die eksamenfooi van R450-00 aan die SARL betaal het. Inskrywingsvorms is beskikbaar op die SARL-webblad by www.sarl.org.za.

Enige klubs wat vir die Mei-eksamen as eksamensentra wil registreer moet dit ook voor 16 April doen. Let asseblief daarop dat GEEN laatregistrasies aanvaar kan word nie.

SARL REAGEER OP TSHWAME KLK-TOETS

Hierdie week het die SARL sy kommer uitgespreek oor die gebruik van

Kraglynkommunikasie (KLK) in die program "Technologic" wat op DSTV Business Channel 55, Summit TV, gebeeldsaai is. Die program is op Maandag uitgesaai en weer op Woensdag en Vrydagaand herhaal.

SARL-President, Graham Hartlett het in 'n onderhoud by die Nasionale Amateurradiosentrum gesê dat die SARL gekant is teen die gebruik van kraglynkommunikasie as gevolg van die inherente steurings wat op hoëfrekwensie radiokommunikasie veroorsaak word. Die steurings is nie slegs beperk tot die frekwensies wat deur radioamateurs gebruik word nie maar ook die van die militêre, siviele nooddienste en uitsaaistasies.

"Uitgebreide toetse uitgevoer in Europa, die VSA en Japan het dit duidelik bewys. 'n Transmissielyn wat krag teen 50 Hz dra sal soos 'n antenna word by hoër frekwensies en die hoëfrekwensiespektrum onbruikbaar maak.

"Dit werk in albei rigtings: die nutsmatskappy wat breëband toegang via die kraglyne aan die huishouding lewer sal groot steuring aan radioamateurs veroorsaak, terwyl radioamateurs wat naby aan KLK-gebruikers geleë is moontlik steurings by hulle kan veroorsaak agv. die antennaeffek van kragdrade. Ons sien hierdie as 'n moontlike konfliktoestand," het Graham gesê.

Hy het ook gesê dat die SARL glo dat die huidige proewe wat in die Tshwane Metro uitgevoer word deursigtig behoort te wees. Dit behoort alle partye wat deur KLK geraak word in te sluit, die wat daardeur mag baat vind sowel as diesulkes wat nadelig geraak mag word.

Beide Grintek, die maatskapy wat KLK baanbrekerswerk in Suid-Afrika doen en die Tshwane Metro het in die program erken dat verdere toetse nodig is en dat hulle besorgd is oor steuringsmoontlikhede. Grintek glo dat nuwer opwekkingsapparaat ver sal gaan om hierdie besorgdheid aan te spreek.

Wojtek Skowronski van OKOSA het gesê dat daar nog baie werk gedoen moet word alvorens hierdie tegnologiese geleentheid in 'n besigheidsgeleentheid omgesit kan word. Wetgewing sal ook verander moet word.

'n Oudioweergawe van die TV-program sal in vandag se Amateur Radio Mirror International om 10:00 uitgesaai word op 17 780, 9 750 en 7 082 kHz.

STATUS VAN DIE REGULASIES AAN OKOSA VOORGELê

Dit is bevestig dat die voorgestelde, gewysigde radioregulasies in Staatskoerant Nr 25 814 van 17 Maart gepubliseer is. Geïnteresseerde persone word genooi om vertoë oor voorgestelde amendmente nie later nie as Dinsdag 20 April om 16:00 voor te lê.

MARIONEILAND

Ludwig Combrinck, ZS6WLC, en Pieter Stronkhorst, ZR6PSR, twee personeellede van die Hartbeeshoek RadioSterrekundige Sterrewag RuimteAardmeetkundige Program, gaan 'n wetenskaplike ekspedisie na Marion Eiland (IOTA AF-021) gedurende April onderneem. Hulle vertrek op 1 April aan

boord die SA Agulhas en afhangend van die aflaai en ander take, behoort amateurradiowerking as ZS8MI op 7 April te begin en teen 30 April te eindig. Hulle beplan ESB- en 15 wpm GG-werking. Op 1 Mei behoort hulle die eiland te verlaat. Aan boord die SA Agulhas sal Ludwig as ZS6WLC/MM op die lug wees; QSL via ZS6M (Bernardus Roode, Posbus 158, Kempton Park 1620). Verdere inligting (insluitende aanlynlogboek en direkte QSL-beleid) kan verkry word by www.hartrao.ac.za/geodesy/marionweb/main.html.

RODRIGUES EILAND (3B9C) OP SATELLIET

David, G0MRF, die satellietoperateur vir die 3B9C Roderigues Eiland Dxpedisie sal vanaf die eiland op die LEO-satelliete vanaf 5 tot 12 April aktief wees, op soek na kontakte met Suid-Afrikaanse amateurs.

Aktiwiteit sal gerig wees op FO-29 en AO-7, met FO-29 synde die primêre satelliet. FO-29 is relatief maklik om te werk, met opskakeling van 145,9 tot 146,0 MHz LSB en afskakeling op 435,800 tot 435,900 MHz BSB. Daar is ook 'n baken op 435,795 MHz. Bedryf sal in die middel van die band geskied.

Hierdie is 'n rare geleentheid vir Suid-Afrikaanse stasies om 'n nuwe land via die Lae Wentelbaansatelliete te werk.

SP DX-WEDSTRYD 2004

Robert, SP5XVY, wil julle graag uitnooi om deel te neem aan die SP DX-Wedstryd 2004 op 3-4 April vanaf 15:00 tot 15:00 UTC en moet julle inlig dat daar nuwe wedstrydreels sowel as 'n nuwe webwerf nl.:-www.contest.spdx.org.pl is.

In vanjaar se wedstryd het hulle 'n klein verrassing. Vir elke stasie buite Pole wat die kriteria bereik sal daar twee Poolse diplomas "POLYSKA" (jy benodig slegs 16 QSO's) en "SPPA Powiat", gratis gestuur word. Die reëls vir die diplomas kan gevind word op http://www.pzk.org.pl.

Vanjaar is daar ook 'n nuwe kategorie nl. SO TB (enkel operateur, drie bande) so, jy kan die beste van drie bande kies om op te werk. Ons het ook die stasies verdeel in LAAG (maks 100 W) en HOOG (bo 100 W) kraguitset. Ons sal gedurig alle kategorieë vir elke land tel.

Alle wenners in alle kategorieë sal diplomas ontvang en wenners in kategorieë waar tien of meer deelnemers is sal 'n spesiale plaak ontvang.

Hulle hoop om julle gedurende die kompetisie te ontmoet. Namens die kompetisiekomitee, Robert SP5XVY.

SES METER MARATHON 2004

Die Ses Meter Marathon 2004 is oop vir alle amateurradio-operateurs wêreldwyd. Die doel is om soveel DXCC entiteite as moontlik te werk tussen 00:00 UTC op 8 Mei en 23:59 op 8 Augustus 2004. Die uitslae sal deurlopend opdateer word by www.50mc.tk. Vir meer inligting kontak asseblief vir Hannu Saila OH3WW by e-pos marathon@saila.org.

KLUBNUUS

CENTURION AMATEURRADIOKLUB AJV

Die Centurion Amateurradioklub wil al sy lede en gades daaraan herinner dat die Algemene Jaarvergadering op Saterdag 3 April 2004 om 14:00 by die Klubhuis, op die hoek van Duncan- & Prospectstrate in Hatfield, Pretoria, plaasvind. Daar sal egter nie 'n groot dinee daarna plaasvind nie maar daar sal definitief lekkernye ensovoorts gratis beskikbaar wees. Lede word dringend versoek om die Centurion AJV by te woon aangesien, onder andere, 'n nuwe bestuur verkies moet word.

DATUMS OM TE ONTHOU

Donderdag 1 April die eerste 80-meter QSO-Party om 19:00 SAT; Vrydagaand 2 April, die gesellige byeenkoms aangebied deur die Sandtonklub; Saterdag 3 April, die SARL AJV en dinee by die NARS; Sondag 11 April die SARL HAMNET 40-meter gesimuleerde noodkompetisie van 14:00 tot 16:00 SAT. RAE inskrywings sluit 16 April.

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

PRESIDENT SE NET

Moenie die President se Net wat vandag om 12:00 op 7 082, 10 125 en 14 282 kHz sal plaasvind, misloop nie. Die net sal ook op verskeie herhalers regoor die land herlei word.

Dit bring ons dan aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur Gustav, ZS6BWN„ en gelees deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX